

18 April

Skrifgedeelte: Lukas 15:1-3, 25-32
Fokusgedeelte: Lukas 15: 1-3, 25-32

Die kerk moet as die Here se liggaam sy hande en voete wees

Lukas 15 bevat eintlik vier gelykenisse waarvan die vierde die fokuspunt is. Want volgens die inleidende verse van die hoofstuk is die gelykenisse gerig op die oudste seun – die een wat nie besef het dat ook hy verlore is nie. Hy dink dat hy naby aan die Vader woon en sy guns met sy goeie werke verdien, maar dit is hy wat buite staan. In ooreenstemming met die eerste twee gelykenisse is dit immers vir hierdie seun wat die vader die familiebyeenkoms verlaat om die seun wat buite staan, te gaan soek.

Die Here Jesus vertel dus hierdie gelykenisse aan die Fariseërs om ook tussen hulle sy eiendom te soek en te vind. Soms kan ons die Fariseërs net so genadeloos verwerp asof hulle totaal en finaal verlore is as wat die Fariseërs die “tollenaars en sondaars” verwerp. Maar ook onder die gehardste Fariseërs is daar diegene wat aan die Here behoort, soos byvoorbeeld Paulus. Ook hulle moet in liefde gesoek en gevind word. Ja, Christus het dikwels baie hard met die Fariseërs gepraat en soms klink dit genadeloos veroordelend. Paulus moes selfs met blindheid in sy spore gestuit word. 'n Muntstuk wat iewers vasgeroes het, moet soms met geweld losgebreek word. Maar ook hierdie tug is 'n liefdesdaad om eiendom wat verlore geraak het, terug te bring in die liefdevolle sorg van hulle regmatige Eienaar.

Ons Here roep sy kerk om as sy liggaam sy hande en voete te wees in hierdie wêreld. Ons is deur God gesoek en gevind en daar is groot blydschap in die hemel oor elke gelowige. Laat ons nou ook alles opoffer om in antwoord op sy genade sy ander verlore eiendom te soek en te vind. En laat ons saam met die engele in die hemel bly wees oor elke tollenaar, sondaar en fariseër wat gevind word.

Sing: Psalm 100:1-4

Ds. HB Hattingh (Warmbad)